

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: **ALGOAPARK**

Sinode: **NG Kerk in Oos-Kaapland**

Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepsgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan:** Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit **hierdie terugvoervorm** en die meegaande boekie, **Konsultasie oor Kerkhereniging**, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]
 - .. Kerkraad - eers kerkradkommissies, en daarna volle kerkraad
 - .. Wyke - nee
 - .. Kleingroepe (Bybelstudiegroep) - ja
 - .. Lidmate: Gemeentevergadering tydens die aanddiens op Sondag, 29 Oktober
 - .. Lidmate: individueel - nee
 - .. Ander:
2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
 - .. Ja

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?

Mening oor die voorstel?

'n Baie groot persentasie van die lidmate is van mening dat die Belharbelydenis nooit vir hulle aanvaarbaar sal wees nie, omrede die politieke bagasie wat dit saamdra. Eendag wanneer die huidige geslag almal dood is, miskien - wie weet?

Kommentaar:

Ons lidmate voel dat hulle om die bos gelei is. Daar was belofte dat oor kerkhereniging gestem sou word voordat enige besluite geneem word. Nou word kerkhereniging hanteer asof dit reeds 'n voldonge feit is - al die besluite is klaar geneem, sonder inagneming van die lidmate se gevoelens of menings. Wat is daar dan nou nog oor om (later) voor te stem, word gevra. Daar is van ons lidmate wat openlik sê dat indien kerkhereniging verder gevoer word, hulle geen ander uitweg het as om 'n geestelike heenkome elders te gaan soek nie.

Nog mening is dat as kerkhereniging wêreldlik moet plaasvind, dit moet teruggeneem word tot by die Hervorming. Dan sal ook erken moet word dat die Hervorming 'n fout was, want dit is waar die versplintering van die kerk begin het. As die "wêreld" se "glo", moet afhang van die "eenheid van die kerk", sal alle Christelike kerke moet verenig word in die Katolieke Kerk wat die moeder van ons almal is. Vier klein kerkies aan die suidpunt van Afrika se doen en late gaan nie 'n verskil maak nie. Veer eerder gaan dié gedwonge hereniging 'n verdere versplintering (skeuring) tot gevolg hê. Die vraag wat gevra word, is of dit al die moeite (en twiste en tweedrag en verdere verdeling) werd is??

Nuwe/ ander voorstelle?

Aan die einde van die huidige voorstel, moet bygevoeg word:

.... nie nou nie, en ook nie later nie.

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Menings:

Dit is wel waar dat die plaaslike gemeente ten volle kerk is, wat self besluit bv. volgens watter styl sy eredienste plaasvind en in watter taal, maar die gemeente bly tog steeds deel van die groter kerkverband. Dit is daarom nie waar om te beweer dat net ringe en sinodes geraak gaan word deur kerkhereniging nie. Wat by ringe en sinodes gebeur, werk op die ou end deur na gemeentes toe ook. Wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners het reeds gedurende veral die laaste twee dekades soveel moes prysgee, dat hulle nou vasskop en botweg weier dat Afrikaans ook uit die kerk waarvan hul deel is, verwyder moet word om mense van ander tale en kulture wat nie Afrikaans kan of wil verstaan nie, te akkommodeer. Veral ons ouer lidmate sê dat hulle eenvoudig nie kans sien vir nog veranderings en prysgawes nie en glo ook nie dat die Here dit van hulle verwag nie.

Ander menings en vrae is:

Wanneer was die vier kerke wat nou herenig moet word, dan een kerk? Was dit nie eerder die geval dat een kerk, die moeder, met verloop van tyd geboorte gegee het aan drie kinders wat deur die moeder grootgemaak en gehelp is om op eie bene te staan nie? En is dit nie net natuurlik dat, soos in die geval van 'n huisgesin, die groot kinders op 'n stadium die huis moet verlaat nie? Moeder en kinders bly lief vir mekaar en sal altyd lede van een gesin wees, maar kan mos nie vir altyd onder een dak bly woon nie. Buitendien het daar intussen so baie verskille by gekom (behalwe dié wat bestaan het, wat aanleiding tot die huis-verlaat gegee het), dat as die moeder en haar (nou volwasse) kinders op hierdie stadium in een huis gedwing moet word, hierdie einste verskille in geskille gaan ontaard wat op die ou end die hele huisgesin nie net van mekaar gaan vervreem nie, maar uitmekaar gaan laat skeur.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Die laaste sin moet soos volg verander word:

Die moontlikheid van assosiasie-lidmaatskap moet dringend verder ondersoek, bespreek en uitgebou word sodat dit 'n werklikheid kan word.

Hierdie gemeente het in die verlede kanselruilings gehad met swart en bruin predikante van die omliggende VGK-gemeentes, wat terloops, deur die oorgrote meerderheid van ons sogenaamde "konserwatiewe" lidmate baie positief ervaar is. Die kontak met hierdie gemeentes was uitstekend - daar is oor en weer "gekuier", sangmiddae gehou ens., totdat alle kontak van die VGK se kant (ná die aanvaardig van Belhar) verbreek is. Ons kon dit ten spyte van herhaalde pogings van ons kant, net nie weer aan die gang kry nie. Nou het hierdie gemeentes wat eens vriende was, weer heeltemal "op hul eie" geraak en is daar feitlik geen kontak met mekaar nie, behalwe miskien die gesamentlike byeenkomste van die CMR se klubs vir bejaardes.

Dalk kan assosiasie-lidmaatskap tot hernude en sinvolle kontak en samewerking tussen nabygeleë gemeentes lei, nie net op die platteland (dorpe) nie, maar ook in die stede.

Nuwe/ ander voorstelle?

Geen.

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Mening:

Hierdie voorstel word ondersteun en die gemeente is gewillig om so ver as wat dit in sy vermoë is, aan gesamentlike projekte, gespreksgroepe ens. deel te neem en saam te werk.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Niks.

Nuwe/ ander voorstelle?

Geen nuwe/ander voorstel nie.

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Menings:

Dis tot oneer van die Here wanneer kerke sulke soort van geskille met mekaar het en moet so gou as moontlik besleg word.

Sou dit nie dalk voorkom kon gewees het as die NGKA nie gedwing was om een te word met die VGK nie?

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

Geen.

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

Voorstel:

As die vier kerke saamgevoeg word, is dit seker vanselfsprekend dat teruggekeer word na die oorspronklike naam van die "moeder" uit wie die "dogters" voortgekome het, nie waar nie?

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055